

DAIMOND MUSCAT



| | | |
|------------------------------|--|---|
| Oorsprong | USDA Agriculture Research Service vrystelling in 2000. Diamond Muscat is spesifiek geteel en vrygestel met die oogmerk van vroeë rywording as Sultana Seedless om die aanvang van die oesoeseisoen te vervoeg, asook die moontlik toepassing van 'Droog-aan-die-Stok' verbouing. Hierdie kultivar is aangeplant in Kalifornië (VSA), maar beslaan nie naastenby die hektare van Selma Pete nie. | |
| Skaal aangeplant SA droog | Min aanplantings. | |
| Rusbreek | Middels | Geen chemikalié. Dormex indien noodwendig |
| Fisiologies | Bot | Buitegrond: 20-31 Augustus, Binnegrond: 1-7 September |
| | Blom | Buitegrond: 10-20 Oktober, Binnegrond: 15-25 Oktober |
| | Oes | Buitegrond: 5-15 Januarie, Binnegrond: 10-20 Januarie |
| Wingerdkundig | Diamond Muscat is 'n baie vrugbare, sterkgroeiende kultivar wat minstens twee weke voor Sultana Seedless ry word. Dit produseer baie trosse wat gewoonlik beter set as Selma Pete – trosse is gewoonlik goed vol, maar nie kompak nie. Trosse is gewoonlik kleiner en korter as die van Selma Pete. Diamond Muscat se vars druiwe het 'n prominente muskaatkarakter – die muskaatkarakter is minder prominent herkenbaar by die gedroogde produk, maar nogtans waarneembaar. Ringnekbarste en los korrels kom ook minder geredelik voor as by Sultana. | |
| Lowerbestuur | Na bot | Verwyder onnodige lote in krone. |
| | Voor blom | Tip-aksie aan die begin van die blom kan die stel verbeter. |
| | Na set | Blare breek kan voordeelig wees vir beter indringing van swamdoders en makliker oes. |
| Groeiregulering | Stretch | Geen |
| | Set | CPPU indien nodig |
| | Vergroting | Geen |
| Eienskappe | Soort | Droog |
| | Rywording | Vroer as Sultana |
| | Smaak | Prominente muskaat-karakter op vars druiwe. |
| | Tekstuur | Sag |
| | Korrelgrootte | Ovaalvormige korrels baie soortgelyk as die van Sultana, met geen opvallende pitreste. Korrels neig om vanself rosintjie te word by hoge suikers |
| | Vrugbaarheid | Uiters vrugbaar. Word hoofsaaklik as langdraers gesnoei met 8-10 lote per stok en 10-12 oë per loot. Gebruik van kortdraersnit weens vrugbaarheid is definitief 'n opsie. |
| | Pitrete | |
| | Swam siekte | Uiters gevoelig vir Witroos. Gevoelig vir Donskimmel. Redelik bestand teen Botrytis. |
| Verbouing | Snoeityd | Begin Julie |
| | Snoei manier | Halflangdraers met n maksimum van 8 lote op n volwasse stok |
| | Uitdun | Geen |
| | Vergroting | Geen |
| | Oeslading | ± 38 ton/ha |
| | Trosgrootte | Medium trosse |
| Oestyd | Reen bestandheid | Matig tot goed bestand teen reënskade, los korrels en vrot |
| | Optimaal | Ths x Golden Nie gepas OR x |
| Voordele | Word twee weke voor Sultanas ry – verleng dus oesperiode en gebruik van drogingsfasiliteite | |
| | Vrugbaar met goeie gemiddelde oes jaar op jaar | |
| | Goeie opsie vir 'Droog-aan-die-Stok' (DOV) verbouing | |
| Nadele | Kwaliteit van Goue Sultana produksie is nog nie 100% uitgeklaar nie Voëlskade weens vroeë rywording Groter risiko vir rypskade op koue liggings weens vroeë bottatum - liggingseleksie is dus uiters belangrik Muskaatkarakter moet verder geëvalueer word t.o.v. verbruiker voorkeur | |
| Tipe produk | Sondroog | X WP X |



Vrywaring:

Nie Raisins SA of die skrywer kan aanspreeklik of verantwoordelik gehou word vir enige verlies voorspruitend uit die besluite of aksies gebassier op inligting in hierdie riglyne. Terwyl enige voordeel daaruit slegs tot voordeel van die gebruiker is.